



VAKATURE

Ingenieursgrafika en -ontwerp
Aanlyn vakkundige [vakspesialis | onderwyser]

PERMANENTE AANSTELLING

MOS-Wêreldwyd is op soek na 'n dinamiese en kundige Ingenieursgrafika en -ontwerponderwyser wat 'n passie het vir tegnologie, innoverende onderrigmetodes en uitnemendheid in die IEB-kurrikulum.

Die vakkundige sal verantwoordelik wees vir die terugvoer aan graad 10 tot 12 Ingenieursgrafika en -ontwerpleerders, instandhouding van inhoud op die MOS-stelsel, assesserings en moderering en slegs terugvoer vir graad 7 tot graad 9 in Tegnologie.

Die ideale kandidaat moet 'n sterk begrip hê van die nuutste digitale tendense en die vermoë hê om leerders toe te rus met betekenisvolle 21ste-eeuse vaardighede in 'n vinnig veranderende tegnologiese wêreld.

Akademiese & Professionele Kwalifikasies

- 'n Erkende onderwyskwalifikasie met spesialisasie in ingenieursgrafika en -ontwerp.
- SARO [SACE]-registrasie (of tans in proses).
- VOO-bevoegdheid vir IGO is 'n aanbeveling.

Ervaring & tegniese vaardighede

- IEB-ervaring is noodsaaklik – veral in die voorbereiding, assessering en moderering van IEB-vraagstelle en PAT's.
- Uitstekende rekenaarvaardighede in JPEGd en Kami/Adobe.
- Vaardigheid in digitale assesserings, aanlynleerstelsels en tegnologiegebaseerde onderrig.
- Vermoë om eienaarskap te neem van IGO-inhoud-ontwikkeling, assesserings en innovasie in die vak.

Persoonlike eienskappe

- Hoë vlak van innovering en kreatiwiteit in lesbeplanning.
- 'n Ware passie vir die vak en die tegnologie-omgewing.
- Vermoë om onafhanklik en spanmatig te werk.
- Professionele kommunikasievaardighede en goeie organisatoriese vermoë.

AANSOEKE:

- Per e-pos aan info@diemos.co.za.
- Vergesel van
Volledige CV
SARO-registrasie
Akademiese kwalifikasies
Afskrif van identiteitsdokument
- Die posverwysing: **MOS-IGO-2026** moet as onderwerp in die e-pos aangedui word.

Sluitingsdatum vir aansoeke:
11 Oktober 2026 om 12:00

Onderhoude word slegs met kandidate op die kortlys geskeduleer, maar almal sal ingelig word of hul aansoek suksesvol of onsuksesvol was..

Aanvangsdatum:

1 Januarie 2027

www.moswereldwyd.co.za
www.demos.co.za

